# Weeklikse **Verslag**

03 Jul 2023



# Agenda

Vrydag aand is die nuutste VSA Departement van Landbou (USDA) verslae gepubliseer. Ons gaan doen nader ondersoek aan dit.

- USDA Kwartaallikse voorraad
- VSA Finale aanplantings
- VSA Grondvog
- Grafieke
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering



# USDA **Kwartaallikse voorraad**

Die kwartaallikse voorraad verslag deur die USDA gepubliseer 30 Junie vir voorraad soos op 1 Junie 2023.

Die koring en veral die mielie voorraad is minder as verwag.

Die sojaboon voorraad was in lyn met die verwagting.

# United States Quarterly Grain Stocks

*(billions of bushels)*

@kannbwx

*Data sources: USDA; Reuters*

| | CORN | SOY | WHEAT |
|---|---|---|---|
| **June 1, 2023** | **4.106** | **0.796** | **0.580** |
| Pre-report trade average | 4.255 | 0.812 | 0.611 |
| *June 1, 2022 Stocks* | *4.349* | *0.968* | *0.698* |



# VSA **Finale aanplantings verslag**

# VSA Finale Aanplatings

**Hier was groot verassings wat die mark onkant gevang het**. *Sien die tabel regs met verwagtings + intensies ingesluit.*

**Mielies :** Die finale aanplantings word teen 94.1 miljoen akker geskat. Die intensies om te plant was 92 miljoen akker en die verwagting was vir kleiner aanplantings. Dit is 'n toename van 5.5 miljoen akker vanaf verlede jaar.

**Sojabone :** Die finale aanplantings van die sojabone verras nou weer na die ander kant toe. Die intensies wat teen 87.5 miljoen akker en die verwagting was vir effense groter aanplantings. Die verslag publiseer die aanplantings teen 83.5 miljoen akker. Dit is 4 miljoen akker swakker as verlede jaar.

**Koring :** Die koring was in lyn met verwagting.

## United States Planted Acres 2023

*(millions of acres)*

@kannbwx

Data sources: USDA; Reuters


| | CORN | SOY | WHEAT |
|---|---|---|---|
| ***June Acreage*** | **94.096** | **83.505** | **49.628** |
| Trade average | 91.853 | 87.673 | 49.656 |
| March Intentions | 91.996 | 87.505 | 49.855 |
| *USDA 2022* | *88.579* | *87.45* | *45.738* |




# VSA Grondvog

Die grondvog verbeter vanaf 'n week terug.

# RSA Grondvog






# Grafieke

03 Jul 2023


# CBOT **Dec'23** Corn

Die CBOT Dec'23 Corn kontrak val tot onder die vorige laagste vlak en $4.90/bu word weer getoets. Die nuwe aanplantings inligting het die verdere druk op die mark geplaas. Die tegniese aanwysers is almal oorverkoop.



# Safex **Dec’23** Wmaz


Die Safex Dec’23 WMAZ kontrak is so R90 van die laag af op die rug van die dalings in CBOT. Tegnies is die aanwysers se momentum steeds negatief.



# CBOT **Nov'23** Bean


Die CBOT Nov'23 BEAN kontrak klim sterk op die rug van die lae aanplantings syfers.

Die tegniese aanwyser se momentum het geswaai na positief.




# Safex **Sep'23** Soya

Die Safex Sep'23 SOYA kontrak verhandel sterker en maak 'n gaping na bo. Dit is alles op die rug van die +R600 positiewe pariteit. Die tegniese aanwyser se momentum het geswaai.




# **Dollar** indeks

Die VSA Dollar verhandel steeds tussen 102 en 103.



# **Rand/Dollar** wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers verswak weens die sterker Dollar. Die tegniese aanwysers se momentum is positief.





# Weeklikse **Opsomming**

- Die USDA se kwartaallikse voorraad verslag (ou seisoen)  word gepubliseer met kleiner mielie voorraad as verwag en sojabone in lyn soos verwag.
- Die groot skok kom met die finale aanplantings verslag.
- Die finale **mielie** aanplantings word teen 94.1 miljoen akker geskat. Die intensies om te plant was 92 miljoen akker en die verwagting was vir kleiner aanplantings. Dit is 'n toename van 5.5 miljoen akker vanaf verlede jaar. Dit laat die markte erg daal.
- Die finale aanplantings van die **sojabone** verras nou weer na die ander kant toe. Die intensies wat teen 87.5 miljoen akker en die verwagting was vir effense groter aanplantings. Die verslag publiseer die aanplantings teen 83.5 miljoen akker. Dit is 4 miljoen akker swakker as verlede jaar.






# SAGIS
# **UITVOER VORDERING**

SAGIS

# UITVOERE PER WEEK

| UITVOERE | GEEL MIELIES | WIT MIELIES |
|---|---|---|
| **WEEK** | **113 310** | **15 018** |
| **TOTAAL** | **563 208** | **92 265** |

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI.CO.ZA

# DANKIE

4IE TRADING

(012) 111 0557 of by info@4ietrading.co.za

Geskryf deur **Francois Fourie** van 4IE Trading, in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd